

Sing vooraf staand: Psalm 25:7 (p. 117)

- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 11 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 11 Hy sal dit uitroep: Heer, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Gebed

Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Skriflesing: Job 36

Teks: Job 36:26; Heidelbergse Kategismus Sondag 8

**Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons; die getal van sy jare is
onnaspeurlik. (Job 36:26 AFR53)**

Watter mens kan die grootheid van die Here ooit verstaan?

- Wie van ons kan verstaan dat Hy van ewigheid tot ewigheid lewe sonder om gebore te word of dat Hy bestaan sonder om ouer te word?
- Wie kan voluit verstaan dat God in drie Persone bestaan, maar net een enkele Wese is?

Ons praat maar van die Here soos wat Hy Hom aan ons in sy Woord openbaar. Ons bely dit wat Hy ons gebied om van Hom te bely – terwyl ons as gevolg van sy geweldige grootheid nie altyd met ons verstand verstaan wat ons bely nie.

Ons behandel die Wese van God die Almagtige uit drie verskillende gesigspunte

- 1. Die Wese van God is 'n groot verborgenheid.**
- 2. Die Heilige Woord van God openbaar die eenheid van die Here, maar die Bybel openbaar ook dat die Here Hom in drie Persone onderskei.**
- 3. Verder bely ons van die drie Persone van God dat hulle een enkele Wese is wat nie is soos ons nie en ook nie bestaan en werk soos ons nie.**

1. Die Wese van God is 'n groot verborgenheid.

Job gebruik die woord **onnaspeurlik**.

- Daar is dinge van die Here wat ons met geen ondersoek of met enige wetenskaplike eksperiment of navorsing te wete kan kom nie.
- Tog weet ons die betrokke dinge van Hom.
- Hoe weet ons? Omdat ons dit glo wat Hy aan ons openbaar.

Geloof is iets wat deur God die Heilige Gees in ons gewerk word. Hy bring dit tot stand.

- Hy laat ons dinge weet en aan dié dinge vashou wat baie ander mense nie kan weet nie omdat God die Heilige Gees nie hierdie insig in hulle hart en verstand bewerk nie.
- Daarom verwerp hulle dit.

God openbaar Hom aan ons as 'n ongedeelde God. Hy is een enkele Wese. Waar staan dit in die Bybel?

- Die waarheid is dat daar geen enkele teks iewers is wat leer dat God een Wese is en onderskeie is in drie Persone nie.
- Ons glo dit omdat daar baie dinge is wat ons moet saamvoeg en saam verstaan moet word om hierby uit te kom.

Job het deur sy lyding en sy diep persoonlike omgang met God hierdie dinge van die Here agtergekem, naamlik dat die Here groot en onbegryplik vir ons is.

- Ons kan nie speurwerk gaan doen en uitvind hoe en Wie Hy is nie, want dis te groot vir ons verstand.
- Ons verstand is ook so beperk en onbevatlik soos Job s'n.
- Ons lees en studeer maar deur God se Woord, en uiteindelik vat ons al die openbaring wat ons daarin sien, saam en ons skryf 'n belydenis daarvoor – soos byvoorbeeld die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 8.

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

Die bestaan van God is dus ten diepste vir ons 'n misterie.

- Dis 'n verborgenheid wat die Here aan ons openbaar.
- Daar is net dinge waarteen ons solied vassteek en waar ons soos klein kindertjies net moet vertrou. Kyk net waarteen het Job hom vasgeloop:

**Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaakt-
heid van die Almagtige? Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen?
Dieper as die doderyk – wat kan jy weet? Langer as die aarde is die maat
daarvan en breër as die see. (Job 11:7-9 AFR53)**

2. Die Heilige Woord van God openbaar die eenheid van die Here, maar die Bybel openbaar ook dat die Here Hom in drie Persone onderskei.

In die volgende aanhalings uit die Bybel (en daar is meer van hulle) gebruik die Here meervoudsname vir die Homself.

- Al kan mens dit in Afrikaans nie sien nie, is dit so.
- Die Here openbaar Hom juis met hierdie meervoudsname aan ons omdat Hy meer as een Persoon is – al is Hy een Wese!

En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspannel van die hemel.
(Genesis 1:20 AFR53)

Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my. (Jesaja 6:8 AFR53)

Dit saak word nog moeiliker as die Bybel openbaar dat daar onderskeie Persone van God is wat met mekaar saamwerk en van mekaar getuig en dat die Een inderdaad ook die ander Een is.

(45:8) U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle. (Psalms 45:7 AFR53)

Daar is 'n ander Een wat van My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig, waar is. (Johannes 5:32 AFR53)

Ek en die Vader is een. (Johannes 10:30 AFR53)

Daarby is daar gedeeltes waar die Here duidelik openbaar dat die Een God op drie maniere benoem word. Een keer is dit die **Woord van die Here** én die **Gees van sy mond**.

Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. (Psalms 33:6 AFR53)

Die Here noem Homself **Ek Is**, maar **Ek Is** stuur met sy **Gees**. Die **Gees** is ook **Hy** en is **God** en lei die profeet.

Kom julle nader na My, hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het die Here HERE my met sy Gees gestuur. (Jesaja 48:16 AFR53)

Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; (Jesaja 61:1 AFR53)

Die apostel Petrus noem al drie die Persone van God in die verhouding van die werk wat hulle doen.

... uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!
(1 Petrus 1:2 AFR53)

As die apostel Paulus aan die einde van sy brief die gemeente seën met die Here se seën, laat die Heilige Gees hom dit op so 'n manier doen dat elke Persoon van God geteken word in sy seën wat Hy oor die kerk bewerk.

(13) Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen.
(2 Korintiërs 13:14 AFR53)

Hierdie drie Persone van God het dieselfde Goddelike Wese en natuur. Die Here Jesus Christus maak byvoorbeeld die volgende uitspraak:

Ek en die Vader is een. (Johannes 10:30 AFR53)

Wat bely ons uit die Woord van God van die drie Persone van God? Ons bely die volgende (NGB art 8):

- **Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.**
- **Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.**
- **Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.**

3. Verder bely ons van die drie Persone van God dat hulle een enkele Wese is wat nie is soos ons nie en ook nie bestaan en werk soos ons nie.

Ons kan die drie Persone van God van mekaar onderskei, maar nooit skei nie, want hulle is een en dieselfde Wese. Ons bely dit met die volgende woorde (NGB art 8):

- **Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is.**
- **Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie.**
- **Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie.**
 - **Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun.**
 - **Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid af in een en dieselfde Wese.**
 - **Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.**

Waarom is dit belangrik om al dié dinge te weet? Omdat dit noodsaaklik is dat ons weet dat ons hele lewe se beskikking vasgelê is deur die ewige God almagtig wat bo die grense van alle bestaan uitgaan. Hy kan deur geen mag beperk of belemmer word nie.

- Hy het ons elkeen persoonlik lief omdat Hy ons Vader is.
- Die Seun het ons verlos en Hy bid vir ons elkeen persoonlik op ons naam af.
- Die Heilige Gees lei ons elkeen persoonlik in die waarheid van God se wil en Hy verseker ons van ons verlossing en dat ons gebede verhoor word.

So gaan die ewige Drie-Enige God ons in sy Koninkryk ontvang.

Kom ons lees vraag en antwoord 25 van die Heidelbergse Kategismus saam:

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:18; Tit 3:5, 6.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 5 Maart 2006
Hulpdienspredikant Clanwilliam: 12 Mei 2013